ACK North Shore
Belangrike Uitdagings vir die Toekoms van ons Gemeente
Gemeenteraad Gesprek 13 Desember 2008

1. Die gebruik van verskillende bestuursmodelle in ACK gemeentes, en veral dat ACK North Shore se bestuursmodel rondom *bedienings* struktureer is

Oorhoofse Indrukke

Gemeenteraad is gerieflik met ons model op hierdie stadium. 'n Wye reeks voordele word genoem, insluitende:

- Sterker ontwikkeling van eie identiteit, wat gesien word dat 'n meer 'lewendige' gemeente geskep word
- Meer vrywillige leierskap word gekweek, en elke leier is nou 'n visiedraer
- Minder blootstelling aan beïnvloeding as in generiese model
- Beweeg weg van status en geslotenheid
- Ons model ondersteun bediening; lidmate is meer bedieningsgerig, en nuwe bedienings ontstaan vanuit behoeftes

Sake wat Moontlik Aandag Benodig:

- Sou daar 'n vraagtekens ontstaan rondom leersuiwerheid, is daar nie 'n proses in die ACK kerkorde om die hantering hiervan aan te spreek nie
- Alhoewel enige gemeenteraadslid of die leraar ontvanklik is vir die aanhoor van klagtes, ontevredenheid of voorstelle vir verbetering, sou 'n duidelike proses ontwikkel en met die gemeente kommunikeer kon word. Hierdie aksie sou 'n 'griewe prosedure' kon insluit

2. Basis vir aansteling van gemeenteraadslede: konvensionele verkiesing of *roeping* (ons het die *roeping* benadering gevolg)

Oorhoofse Indrukke

Ons benadering betrek mense wat geesdriftig is in plaas daarvan om onder druk te voel omdat hulle gevra is. Die roepings benadering lei tot meer verbintenis ('commitment') en meer fokus op die bediening se werk. Die 'roepingsmodel' as sulks maak dit egter nie noodwendig makliker om gemeentelede te betrek nie – ons het steeds sterk leierskap nodig

Sake wat Moontlik Aandag Benodig:

- Werksbeskrywing word benodig vir elke bediening
- Geroepenheid alleen lewer nie noodwendig resultate nie, bestuursstrukture word ook benodig (bv. bediening spanne, met aksieplanne en verantwoordelikhede)
- Die aspek van geoepenheid moet meer gereeld aandag kry in gesprekvoering met die gemeente en ook in die wyer ACK verband

3. Riglyne vir erediens gebruike, insluitende die Sakramente

Aangeheg is uittreksels uit ons 'Raamwerk vir Leierskap en Bestuur', wat ongeveer 'n jaar gelede deur die gemeente goedgekeur is, rakende dievolgende:

- Musiek en sang
- Gebruik van nagmaal
- Sakramente (Doop en nagmaal)
- Prosedures en gebruike – in erediens
- Liggaamstaal – in geloofsuitlewing
- Simbole – in geloofsuitlewing

Oorhoofse Indrukke

In die algemeen is die gevoel dat ons goed gevorder het met die toepassing van die 'beweegruimte' vir elk van bogenoemde aspekte, wat ons glo ons het na aanleiding van die Gemeenteprofielbepaling wat gedurende 2007 gedoen is. Die afwisseling van volgorde en formaat van eredienste word as positief beskou

Sake wat Moontlik Aandag Benodig:

Meer beweegruimte sou benut kon word vir die volgende aspekte, en behoort uitdruklik met die gemeente kommunikeer word:

Doop: formele beskikbaarmaking van onderdompeling ('groot doop') na behoefte
Nagmaal: kreatiewe nagmaalbediening word aangemoedig
Liggaamstaal: persoonlike uitlewing kan bevorder word met volgehoue respek vir ander se siening en uitlewing; persoonlike getuienisse waardevol en opbouend
Simbole: kan na behoefte meer van films, DVDs en uittreksels in die erediens gebruik maak

4. Strategiese doelstellings waarvoor die gemeenteraad gesamentlik verantwoordelik is

1	**Toenemend Tweetalig Vir Langtermyn Relevansie** Engelssprekende familie en vriende van gemeentelede vind 'n geestelike tuiste by ons, insluitende die Engelssprekende: • maats van ons jongmense • familielede en vriende van gemeentelede • familielede en vriende van Afrikaanssprekende soekers en buite-kerklikes

Oorhoofse Indrukke

- Akkomodering van Engelssprekendes nog beperk, en ruimte bestaan vir vordering hiermee. Dit is belangrik om tweetaligheid in die oë te kyk vir langtermyn relevansie, sodat ons "Ligdraers" in die konteks waarin ons woon en werk kan wees

Sake wat Moontlik Aandag Benodig:

- Kan een Engelse diens per maand oorweeg en/of vertalingsdiens ondersoek

- Jeug kan oorweeg om jeugdienste by Windsor Park Baptist Church op Sondagaande by te woon
- Ons gemeente kan ’n Engelssprekende ‘tweeling gemeente’ identifiseer, met wie ons nou kan skakel, en waar ons gemeentelede met behoefte vir Engelse eredienste ens. ook by geleentheid kan bywoon (moontlik kan die prediker(s) van so ’n gemeente op ’n gereelde basis ’n Engelse diens by ons aanbied)
- Dis die verantwoordelikheid van elke gemeentelid dat ons altyd na buite gerig moet wees

2	**Strewe na Opregte en Diep Geloofservaring** Ons strewe na 'n gemeente met eredienste en lofprysing en aanbidding (’praise and worship’) waarbinne ons persoonlik God se teenwoordigheid, en die werking en gawes van die Heilige Gees kan ervaar

Oorhoofse Indrukke

- Die Heilige Gees se alomteenwoordigheid word ervaar en daar is beslis geestelike groei binne die gemeente. Verder wil ons groter streef na opregte en diepe geloofservarings waar verskillende geestelike agtergronde en generasies in ons gemeente die beweegruimte het wat reeds in ons Gemeenteprofiel aangedui is. Elke lidmaat moet die ruimte hê om sy/haar geloof ten volle uit te leef met wedersydse respek vir mekaar

Sake wat Moontlik Aandag Benodig:

- Lidmate kan meer bewus gemaak word van ‘geestelike gawes’ sodat dit geïdentifiseer kan word en groter vrymoedigheid ontstaan om dit te gebruik op verskillende terreine
- ’n Soeke en verlange na ’n dieper en voller verhouding met Jesus word steeds aangemoedig en ondersteun

3	**Eie Identiteit** Ons ontwikkel met sterk leierskap 'n eie identiteit as Christenkerk in NZ, wat nie noodwendig 'n vertakking van iets uit SA is nie

Oorhoofse Indrukke

- Die feit dat ons gemeente uit soveel voormalige denominasies vanuit SA bestaan, gee alreeds aan ons 'n eie identiteit
- Dit het reeds vereis ‘n wegbeweeg van SA kerk-karakter na die eie karakter van ons gemeente
- Ons is ook 'n jong kerk wat ontwikkel met ’n dinamiese identiteit om gedurig behoeftes aan te spreek soos dit voorkom

Sake wat Moontlik Aandag Benodig:

- Bemagtiging van ons gemeentevisie speel belangrike rol vir die rigting waarin ons vorentoe beweeg
- In die proses ontwikkel ons dan ook 'n sterker eie identiteit as gemeente wat tred hou met die realiteite van wie ons is en wat ons konteks is

5. Ons visie slagspreuk is nou al sowat 'n jaar in gebruik:

Ons geloofsfamilie is jubelende draers van Jesus se liefde en lig

Oorhoofse Indrukke

- Ons is steeds gerieflik met die visie-stelling, en die praktiese en geestelike inspirasie wat dit bied
- Nooit kan ons visie en ons roeping onderskat word as sterk rigtinggewers vir die toekoms nie - dit help ons om die Here se roeping vir ons beter te verstaan en die leiding van die Heilige Gees te volg

Sake wat Moontlik Aandag Benodig:

- Omdat ons weet dat 'visie-lekkasie' ('vision leaks') plaasvind, d.i. die gemeente vergeet of raak minder bewus van ons visie met verloop van tyd, en ons moet steeds moeite doen om die visie op verskillende maniere te kommunikeer en te bemagtig

5. Is daar spesiale geestelike inspirasie (die sg. 'IT' oftewel 'iets spesiaals') in ons gemeente?

Oorhoofse Indrukke

Die belewing van 'IT' in ons gemeente word o.m. as volg deur deelnemers beskryf:

- Diensbaarheid waar God se lig op ons val en ons dit deflekteer na ander
- Geestelike pitkos wat ons laat uitbou en uitreik
- Dis die werking van die Heilige Gees
- Begeesterdheid, warmte, welkom voel, betrokkenheid, vernuwing, groei
- Waar 'n 'gevoel' vir God heers en ons in sy 'atmosfeer' kom
- Emosie gedrewe en nie net kliniese kopkennis nie
- Wanneer ek 'verslaaf raak' aan God se dinge
- Wanneer die Heilige Gees die 'buzz' in die gemeente is
- Tuiste van: "hier wil ek wees", liefde, omarming, nie-veroordelend, beskermend en veilige hawe
- Netwerk waar liggaam van Jesus uitgebou word
- Onblusbare teenwoordigheid van God se Gees; dinamiese belewenis van God se teenwoordigheid
- "IT" laat jou terugkom keer op keer...
- Dis 'n uitsig op die 'beloofde land'
- Dis nie klinies of akademies nie; wel met respek, liefde, omgee te doen

Sake wat Moontlik Aandag Benodig:

- Ons het gemeenskaplike fokus nodig, wat almal betrek, soos '40-days'
- Meer betrokkenheid – benodig kritiese massa van betrokkenheid (almal was betrokke by die eerste gemeentes, en dit was moeilike tye)
- Gebed en omgeegroepe belangrik om "IT" te skep

EREDIENS GEBRUIKE – SAMEVATTING VAN BETROKKE RESULTATE VAN GEMEENTEPROFIELBEPALING (AUGUSTUS 2007)

<table>
<tr><th colspan="3">Voorgestelde Riglyne vir Erediens Gebruike</th></tr>
<tr>
<td>Musiek en Sang
Minimale tot vol orkes, soms met tromme
Christelike/opbouende liedere, in Afrikaans en Engels
Afwisseling van rustige tot jubelende atmosfeer
Voorsangers
Opnames (CDs) van Christelike/opbouende liedere soms gespeel
Slaan ag op behoeftes en voorkeure van verskillende ouderdomsgroepe</td>
<td>Gebruik van Nagmaal
Enigeen teenwoordig volgens behoefte
Kinders word toepaslik deur ouers begelei in ooreenstemming met hulle begrip en volwassenheid</td>
<td>Sakramente (Doop en Nagmaal)
Nagmaal volgens behoefte (van prediker/gemeente) met wyn/druiwesap en brood/beskuitjie
Kinderdoop deur besprinkeling, met ouers & familie teenwoordig (indien verlang) en aanspreeklik vir die geestelike opvoeding van die kind
Volwasse doop deur besprinkeling/ onderdompeling volgens behoefte van die bekeerling</td>
</tr>
<tr>
<td>Prosedures en Gebruike - in Erediens
Verkies wisseling in volgorde en formaat van eredienste. Hou van variasie
Verkies verkorte weergawe van formuliere met doop, nagmaal en bevestiging van belydende lidmate en kerkraadslede, en/óf die bespreking van die betrokke tema in die erediens boodskap
Gebruik erkende Afrikaanse en Engelse Bybel vertalings, asook geestelike literatuur (wat Bybels verantwoordbaar is)</td>
<td>Liggaamstaal – in Geloofsuitlewing
Eerbiedvolle liggaamstaal as deel van lofprysing en sang, volgens voorkeur
Voorbeeld van liggaamstaal is opheffing van hande tydens sang of lofprysing
Informele gesprekvoering en meelewing tussen gemeentelede voor en na diens word aangemoedig
Plek vir beplande en spontane getuienisse</td>
<td>Simbole – in Geloofsuitlewing
Aanvaar die gebruik van verskeidenheid van Bybelse simboliek om verkondiging van die Woord, asook aanbidding en lofprysing (“worship”) te ondersteun en uit te bou
Kan drama-uitbeeldings, film uittreksels, gedigte, ens. insluit
Besef dat die Evangelie se gelykenisse telkens na simbole verwys om sekere boodskappe oor te dra (bv. die saaier se saad – Woord)</td>
</tr>
</table>